Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
DESEMBER 2023
Bulletin
#overstrand4all
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand
#C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Stanford	028 341 8500
24-uur-beheerkamer	028 313 8000/8111
Brandweer	028 312 2400

RAMPBESTUUR: SELFS DIE DONKERSTE WOLK BIED 'N SPRANKIE HOOP

Die Suid-Afrikaanse Plaaslike Owerheidsvereniging (SALGA) se werksgroep gelas met die bestuur van noodtoestande en rampe het onlangs 'n besoek aan Hermanus gebring.

Hulle het hierheen gekom nie net omdat hulle die omvang van die skade wat deur die vernietigende vlak 9-storm veroorsaak is self wou gadeslaan nie, maar ook in belang van die formulering van werkbare response op natuurrampe wat deels voortspruit uit die lesse wat Overstrand geleer het.

Soos Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, tereg gesê het: "Munisipaliteite se infrastruktuur word nie noodwendig ontwerp om erge storms te weerstaan nie. Tog is klimaatsverandering 'n realiteit en, as plaaslike regering, sal ons ons plig versaak as ons nie ons ervarings onderling deel sodat ons daardeur ons reaksie op uiterste noodtoestande soos hierdie kan verbeter nie.

"Die nadraai van die storm het onteenseglik 'n katastrofale impak op al ons gemeenskappe gehad. Tog hoop ons dat die vasberadenheid waarmee almal van ons daarin geslaag het om die een uitdaging na die ander te bowe te kom, daartoe sal bydra om beste praktyke te formuleer sodat plaaslike regerings oral in Suid-Afrika beter voorbereid sal wees om natuurrampe in die toekoms die hoof te bied."

Voordat die besoekers vergesel is op 'n terreinbesoek aan die De Bos-dam en die beskadigde gedeelte van die Bosplasie-rioleringspyplyn, het Overstrand se munisipale bestuurder, Dean O'Neill, 'n kort oorsig gegee van hoe die munisipaliteit daarin geslaag het om die erge ontwrigting van sy water- en rioleringsnetwerk te bowe te kom. Hy het ook terugvoer gegee oor die vordering wat tot op hede gemaak is om dwingend noodsaaklike infrastruktuur te herstel.

Om die verwoestende impak van die storm te onderstreep, het die SALGA-groep ook 'n kort besoek aan Onrus-strand gebring en is 'n blik gegee op die skade wat aan die Hemel-en-Aardepas aangerig is.

KOM MAATREËLS TEEN WEGHOLBRANDE NA:

Maak vergroeide erwe skoon en sorg dat jou eiendom slaggereed is!

Aangesien die jaarlikse brandseisoen amptelik op 1 November begin het en tot einde-Mei volgende jaar gaan duur, moet alle eienaars van eiendomme in die Overstrand ag slaan op die verantwoordelikhede wat aan hulle opgedra is ingevolge die veiligheidsvereistes soos uiteengesit in artikel 34 van die Verordening op Gemeenskapsbrandveiligheid.

Op sy beurt het die munisipaliteit sy bes gedoen om te verseker dat openbare oopruimtes en areas wat deur die munisipaliteit beheer word, ook voorbereid is op brande en dat brandbane aangebring is.

Ons doen nou 'n beroep op ***alle eienaars van onbeboude erwe*** om te verseker dat indringerplante (bv. portjacksonbome) uitgeroei en alle rommel op die erf opgeruim word sodat die risiko dat dit kan ontvlam en kan veroorsaak dat veldbrande na aangrensende persele versprei, verlaag kan word.

Insgelyks doen ons 'n beroep op ***eienaars van beboude eiendomme*** om van vlambare materiaal op hul eiendomme ontslae te raak deur onverwyld die volgende veiligheidsmaatreëls teen brande te tref:

- Sny plante terug en sorg dat daar geen dooie plantmateriaal rondom jou huis is nie.
- Maak seker dat jou dak en geute skoon is.
- Skuif vuurmaakhout weg van jou huis.
- Sorg dat geen vlambare materiaal soos gassilinders onder dekke of stoepe gestoor word nie.
- Maak seker dat jou oprit skoon is deur oorhangende plante terug te snoei en dat die oprit wyd genoeg is om 'n brandweerwa te akkommodeer.
- Sorg dat jou tuinslang deurentyd aan 'n kraan gekoppel is.

Oop vure is 'n algemene oorsaak van wegholbrande. Om daardie rede is dit nie raadsaam om 'n vuurtjie aan te steek wanneer dit warm en droog is nie, en veral nie wanneer die wind waai nie. Onthou ook dat brandende kerse, braaivure en ander oop vlamme nooit onbewaak gelaat moet word nie.

WAAR DAAR 'N ROKIE IS, IS DAAR WAARSKYNLIK 'N VUUR!
Wees asseblief waaksaam: As jy rook sien en vermoed dat 'n veldbrand dalk die oorsaak kan wees, bel Overstrand se Brandweer-en-reddingsdienste onmiddellik by 028 312 2400!

VERKOOP & GEBRUIK STRENG VERBODE

Besoekers en inwoners word weereens daaraan herinner dat die afvuur van enige vuurwerke en klappers in Munisipaliteit Overstrand se regsgebied – met inbegrip van strande en openbare ruimtes – ten strengste verbied word.

Ons doen in die besonder 'n beroep op 'n ieder en 'n elk om nie voor die versoeking te swig om papierlanterns (*Chinese lanterns*) te gebruik nie aangesien dit onmoontlik is om te bepaal waar hulle te lande gaan kom en juis daarom dalk 'n veldbrand kan veroorsaak wat lewens en eiendomme kan bedreig.

Insgelyks sal enigeen wat 'n noodfakkel afvuur behalwe vir die doel waarvoor dit bestem is, vervolg en swaar strawwe, dalk selfs tronkstraf, opgelê word:

- Voordat jy 'n noodfakkel afvuur, dink 'n oomblikkie aan diegene wat dalk regtig in nood op see verkeer: Die afvuur van "vals" noodseine kan ons reddingsdienste se aandag tot só 'n mate aflei dat hulle dalk nie betyds tot die redding kan kom van diegene wat regtig in nood verkeer nie. Hiervan kan jy seker wees: As jy die oorsaak is dat mense sterf omdat kosbare responstyd en hulpbronne vermors is, sal jy beslis met die volle omvang van die reg te make kry.

Neem ook kennis dat alle winkels en straatverkopers wat in die Overstrand handel dryf regtens geen vuurwerke mag aanhou en/of verkoop nie:

- In gevalle waar winkeleienaars of straatverkopers, in stryd met die munisipale verordeninge wat ingevolge die bepalings van die Wet op Plofstowwe (Wet 15 van 2003) uitgevaardig is, na bewering vuurwerke verkoop, sal hulle deur die SAPD gearresteer word en hul handeldrywing sal summier stopgesit word tot tyd en wyl 'n deeglike ondersoek afgehandel is.
- Ten beswil van almal tydens hierdie feesseisoen, rapporteer asseblief enige onwettige handel in of afvuur van vuurwerke aan jou naaste SAPD-stasie of bel Wetstoepassing by 028 313 8996.

In 'n noodgeval, bel die 24-uur-beheerkamer by 028 312 2400 of bel brandweer-en-reddingsdienste by 028 313 8980.

SÓ STAAN SAKE MET WATERDRUK-PROBLEME IN DE KELDERS TANS

Vroeg in November het die gekontrakteerde konsultante Neil Lyners & Genote die gemeenskap ingelig oor wat, na hulle mening, moontlik daartoe aanleiding gee dat waterpype in De Kelders gereeld onklaar raak.

In hoofsaak het hulle bevind dat die manier waarop die waternetwerk tans bedryf word statiese druk van tussen 6-9 Bar in die stelsel veroorsaak.

Die ouderdom van die waternetwerk en die huidige vlak van die reservoir vererger die relatiewe hoë druk regdeur die stelsel.

Om hierdie kwessies die hoof te bied, is hul aanbeveling dat addisionele kleppe aangebring word om die druk te verlaag en dat daar oorweeg word om sekere veranderings aan die uitleg van die pype aan te bring.

Voorlopige aanduidings is dat dit ongeveer R1,5 miljoen sal kos om die voormelde te bewerkstellig.

Aangesien kapitaalwerke hier ter sprake is, moet befondsingsbronne geïdentifiseer en Raadsgoedkeuring eers verkry word voordat die werk kan voortgaan.

As 'n volgende stap het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, die raadgewende ingenieurs versoek om hul kosteraming te verfyn en om ondersoek in te stel na die haalbaarheid van residensiële veiligheidskleppe.

Ten tyde van die terugvoersessie is daar ook ooreengekom dat inwoners om 'n korting kan aansoek doen in gevalle waar abnormale waterrekenings aan gebreekte pype en waterlekkasies weens die hoër druk toegeskryf kan word.

Die korting sal bereken word gegrond op die verskil tussen gemiddelde maandelikse verbruik vergeleke met ooreenstemmende maande in die vorige jaar en die werklike lesings nadat pype gebreek het.

WATERMETERLESINGS

Alhoewel Munisipaliteit Overstrand poog om watermeters gemiddeld elke 30 dae te lees, kan gebeure soos openbare vakansiedae en erge storms hierdie siklus ontwrig.

Dit gebeur selde dat beide in 'n enkele kalendermaand voorkom, maar in September vanjaar het dit.

Gevolglik is die lees van watermeters in sommige areas soos Hawston met gemiddeld agt tot elf dae vertraag.

Om hierdie rede sal waterverbruik soos aangetoon op die geaffekteerde areas se munisipale rekeninge vir Oktober 30 dae oorskry.

Ons vra om verskoning vir enige ongerief wat dalk hierdeur veroorsaak is en herinner die publiek daaraan dat hulle gerus die munisipaliteit kan nader indien hulle enige probleme met die vereffening van hul munisipale rekeninge ervaar.

Let ook daarop dat selfs al het baie areas in die week ná die storm geen water gehad nie, sal die nulverbruik gedurende daardie tyd eers in November se munisipale rekeninge weerspieël word.

WATERBEPERKINGS

Selfs al is waterbeperkings opgehef, bly klousule 42(1)(f) van die Verordening op Waterdienste steeds van krag.

Dienooreenkomstig mag geen munisipale water daagliks tussen 09:00 en 17:00 vir besproeiingsdoeleindes gebruik word nie.

Voorts, gegewe die verhoogde vraag waarmee die munisipaliteit in die komende maande te kampe gaan hê, doen ons 'n beroep op almal om water spaarsaam te gebruik.

"Hierdie pleidooi ten spyt," sê Burgemeester Rabie, "kan ek almal wat beplan om die Overstrand hierdie somer te besoek verseker dat alles in ons dorpe glad verloop en veilig is.

"Die gehalte van die drinkwater wat via ons waternetwerk verskaf word, voldoen aan die hoogste standaarde, en al ons waterbehandelingsaanlegte is ten volle operasioneel en gerat om aan die vraag te voldoen.

"Wees gerus: Ons werk kliphard daaraan om te verseker dat jou kuiertjie hier in die Overstrand vir al die regte redes onvergeetlik gaan wees."

Kragonderbreking van 12 ure in Gansbaai/Hermanus/Stanford nou geskeduleer vir 25 Januarie 2024

Eskom het Munisipaliteit Overstrand in kennis gestel dat die geskeduleerde instandhouding van hul substasie in Hermanus, wat 12 ure gaan duur, nou op 25 Januarie 2024 gaan plaasvind.

Die alternatiewe datum is 1 Februarie 2024.

Die onderbreking sal van 06:00 tot 18:00 duur en sal Gansbaai, Stanford, Hermanus en Sandbaai sowel as sekere strate in Onrus raak.

WEGDOENING MET HUISHOUDELIKE AFVAL: *SÓ WERK DIE REËLS, REËLINGS & BEPERKINGS*

Huishoudelike afval moet teen 07:00 slegs op die oggend van die geskeduleerde afvalverwyderingsdag uitgeplaas word.

- Geen afval, hetsy in rolvullisdromme of sakke, mag oornag op die sypaadjie gelaat word nie.
- In aangewese probleemdiergebiede moet alle huishoudelike afval in bobbejaanbestande dromme met 'n slot beveilig word.

Die volgende beperkings geld:

- **Gewone afval:** Elke huishouding word toegelaat om een 240 ℓ-rolvullisdrom of 'n maksimum van vier sakke uit te plaas.
- **Tuinafval:** Nie meer as een sak wat tuinafval bevat mag vir afhaling uitgeplaas word nie.
- **Herwinbare afval:** Daar is geen perk op die aantal deursigtige sakke met herwinbare afval (soos glas, plastiek, karton, papier en blikkies) wat vir afhaling uitgeplaas kan word nie. Let ook daarop dat elke deursigtige sak wat deur 'n huishouding uitgeplaas word gratis met 'n nuwe een vervang sal word.

Wegdoening met oortollige tuinafval:

- **Alle oortollige tuinafval** moet teen eie koste na die naaste oorlaaistasie, tuinvullisstortingsterrein of die vullisterrein in Gansbaai vervoer word.
- **Hierdie fasiliteite is oop** van 08:00 tot 18:00 op weeksdae sowel as op Saterdae en openbare vakansiedae.
- **Die Karwyderskraal-streeksvullisterrein** (wat deur die Overbergdistriksmunisipaliteit bedryf word) is 'n ander alternatief. Let egter daarop dat hierdie terrein slegs op weeksdae oop is en dat 'n toegangspermit vooraf verkry moet word.

HIERDIE SOMER GAAN AGT BLOU VLAE IN OVERSTRAND WAPPER!

Lauren Rainbird, ons blouvlagkoördineerder, het die amptelike geleentheid bygewoon en is daar weg met 'n hele bondel Blou Vlae. Welgedaan, span Overstrand! Saam met haar is die gashere Leon van Wyk (George se uitvoerende burgemeester) en Helena Atkinson (WESSA se HUB).

Op 20 Oktober, is die 2023/24-blouvlagseisoen amptelik in Wildernis van stapel gestuur, en Munisipaliteit Overstrand kan met trots aankondig dat vier van sy strande (Kleinmond, Hawston, Grotto en Castle Beach) hul blouvlagstatus behou het.

Hierbenewens het die twee walvisbesigtigingsbote (*Whale Whisperer en Dream Catcher*) en die haaiduikvaartuig (*Slashfin*) ook hul status behou terwyl volle blouvlagstatus vir die eerste keer aan die nuweling, die White Shark Diving Company, toegeken is.

Weens erge stormskade is Onrus se strand van sy blouvlagstatus vir hierdie seisoen ontneem en sal eers weer 'n "proeftydperk" moet deurloop tot tyd en wyl gereelde watermonsters bewys het dat die strand weereens aan WESSA se streng kriteria voldoen. *[Vir die jongste stand van hierdie strand se algemene veiligheid, sien die artikel hierna.]*

Gekoördineer deur WESSA (die Natuurlewe-en-omgewingsvereniging van Suid-Afrika) in vennootskap met die wêreldwye Stigting vir Omgewingsopvoeding, verleen die blouvlag-program erkenning aan strande, marinas en vaartuie vir hul voortreflike bydrae tot volhoubare kusbestuur.

"Toeriste oral in die wêreld herken deesdae 'n Blou Vlag as 'n teken van topgehalte wat getuig van volhoubare praktyke en innoverende benaderings tot bewaring, opvoeding en gemeenskapsbetrokkenheid," het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, gesê.

"Ons is baie dank verskuldig aan alle belanghebbendes wat hulle so onvermoeid daarvoor beywer om te sorg dat hierdie 'trekpleisters' jaar na jaar in die Overstrand kan wapper. Danksy julle bly ons plekkie op die 'globale toeristekaart' veilig en behoue."

In Suid-Afrika is volle blouvlagstatus aan 48 strande, vier marinas en ses toerismevaartuie vir die 2023/24-seisoen toegeken terwyl 'n verdere 23 terreine aan die "proefprogram" gaan deelneem.

Die 2023/24-blouvlagseisoen het amptelik op 1 Desember 2023 begin en sal van krag bly tot 17 Januarie 2024 vir Kleinmond, Hawston en Castle Beach en tot 31 Maart 2024 vir Grotto.

NOG NIE GEREGISTREER OP OVERSTRAND SE DATABASIS NIE? DOEN DIT SOMMER NOU!

Weens die onbetroubare aard van die posdienste, het Overstrand ongelukkig geen ander keuse as om munisipale rekeninge in die toekoms slegs via e-pos en/of SMS te lewer nie.

- **Belastingbetalers wat nog nie op ons databasis geregistreer het nie, moet dit asseblief onverwyld doen.**
- **Diegene wat reeds geregistreer het, moet asseblief sorg dat hul kontakbesonderhede op datum is.**

OM TE REGISTREER/JOU BESONDERHEDE BY TE WERK, DOEN DIE VOLGENDE:

- **Stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za waarin die volgende duidelik vermeld word:**
  - **Jou rekeningnommer**
  - **Jou volle naam**
  - **Jou selfoonnommer**
  - **Jou e-posadres**
- **In dieselfde e-pos, toon ook aan of jy jou gedetailleerde munisipale rekening per e-pos of SMS wil ontvang.**
- **Rekeninghouers wat die SMS-opsie kies, moet asseblief daarop let dat slegs een selfoonnommer per huishouding/rekening geakkommodeer kan word.**

NIE 'N E-POSADRES NIE? ONS HET DIE ANTWOORD!

As jy nie 'n e-pos kan stuur/ontvang nie, besoek jou naaste munisipale betaalkantoor in Gansbaai, Stanford, Hermanus of Kleinmond of bel een van die volgende nommers gedurende kantoorure. Ons sal sorg dat jy op die databasis geregistreer word en dat jy in die toekoms jou state via SMS kan ontvang.

Gansbaai-administrasie
028 384 8300

Stanford-administrasie
028 341 8500

Hermanusadministrasie
028 313 8027 | 8933 | 5060 | 8042

Kleinmond-administrasie
028 271 8400

ONRUS BYKANS SLAGGEREED OM OOK VANJAAR BESOEKERS TE VERWELKOM

Teen hierdie tyd is dit algemene kennis dat die Bosplasie-rioleringspyplyn verspoel is ten tyde van die vlak 9-storm wat Overstrand op 25 September 2023 getref het.

"Alhoewel die mangate nog nie volkome beveilig is nie en die pompstasie se hoogte steeds gelig moet word, kan ons die blye nuus deel dat alle aansluitings nou herstel is en dat enige verdere besoedeling komende van hierdie bron hoogs onwaarskynlik is," het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, gesê.

"Gegewe dat beide die strand en die monding in Onrus kwaai onder die storm deurgeloop het, was ons grootste bron van kommer dat nie een van die twee sommer gou weer as geskik vir ontspanningsdoeleindes verklaar sal word nie.

"Nietemin, die meeste van die opdrifsels is reeds verwyder en die kontrakteurs doen alles in hul vermoë om die werk teen middel-Desember af te handel voordat hulle 'n blaaskansie neem – 'n blaaskansie wat beslis welverdiend is aangesien hulle die meeste van die werk binne net ses weke ná die ramp voltooi het. 'n Ongelooflike prestasie waarvoor ons net baie, baie dankie kan sê!

"Kortom, selfs al gaan daar nie 'n Blou Vlag by Onrus wapper nie, is ons so dankbaar dat besoekers vanjaar weereens hierdie strand met 'n geruste hart kan besoek. Die Genade wat ons in hierdie tye ontvang het, is voorwaar onbeskryflik groot."

VERSOEKE VIR SUIGTENKDIENSTE:

KWYTSKELDING VAN VERHOOGDE HEFFING VIR NA-UURSE DIENSTE TOT 15 DESEMBER 2023

VROEG IN NOVEMBER, is eienaars van enkelresidensiële eiendomme wat van 'n riool- of septiese tenk gebruik maak, ingelig dat 'n nuwe prysstruktuur vir die lewering van suigtenkdienste onmiddellik in werking tree.

Hierdie drastiese stap is te weeg gebring omdat inwoners en blyplekke soos gastehuise klaarblyklik onder die indruk verkeer dat hulle net so dikwels as wat hulle wil 'n suigtenk kan ontbied, en op die koop toe op 'n spesifieke datum of tyd wat hulle geval.

Tot en met November 2023 is die koste om suigtenkdienste te lewer bereken gegrond op 70% van 'n betrokke eiendom se waterverbruik, ongeag hoeveel keer só 'n diens versoek is.

As gevolg van die hoë vraag na ekstra dienste, veral na ure, het hierdie situasie onhaalbaar geword aangesien die verbandhoudende koste nie meer gedek kon word nie. Daarom het Munisipaliteit Overstrand geen ander keuse gehad as om sy prysstruktuur aan te pas nie.

Sedert November 2023 het eienaars van enkelresidensiële eiendomme 'n keuse tussen een van twee opsies, mits ***'n suigtenkdiens vóór 15:00 op weeksdae versoek word:***

Opsie 1:

- Betaal slegs 'n basiese fooi van R114.22 plus die infrastruktuurheffing van R14.98 per maand, met dien verstande dat elke keer wanneer 'n suigtenkdiens versoek word, R779.03 per 6 kℓ of 'n 'n gedeelte daarvan gehef sal word.

Opsie 2:

- Betaal 'n basiese fooi van R169.51 plus R19.19 per kℓ water verbruik per maand, gegrond op 'n maksimum van 35 kℓ per maand (70% van 50 kℓ), plus die infrastruktuurheffing van R14.98 per maand. Hierdie opsie beteken dat jy niks ekstra vir suigtenkdienste hoef te betaal nie.
- Let egter daarop dat indien die maksimum van 35 kℓ per maand oorskry word, R779.03 per 6 kℓ of 'n gedeelte daarvan per ekstra verwydering betaalbaar sal wees.

Die munisipaliteit het ook aangekondig dat, ongeag die opsie wat gekies word, ***'n bykomende R1 558.07 per 6 kℓ of 'n gedeelte daarvan gehef sal word vir alle dienste wat na ure of oor naweke versoek word.***

Gegrond op die reaksie wat hierdie munisipale kennisgewing ontketen het, blyk dit dat blyplekke soos gastehuise 'n bietjie meer tyd gegun moet word sodat hulle hul reëlings vir die komende vakansieseisoen in orde kan kry.

Juis daarom het die Raad ingestem tot kwytskelding tot en met 15 Desember 2023 van die verhoogde heffing vir suigtenkdienste wat na ure ontbied word.

Dit ten spyt, moet Munisipaliteit Overstrand weereens beklemtoon dat dit geensins daartoe in staat is om suigtenkdienste binne 'n oogwink te lewer nie: Dit is jou verantwoordelikheid om ten minste twee, drie dae voor die tyd reëlings te tref sodat 'n diens betyds gelewer kan word.

Enigeen wat klaarheid oor die "kwytskeldingstydperk" verlang, moet asseblief by hulle naaste administrasie aanklop of 028 313 8000/8912 bel.

7 VAN 9 BYKOMENDE NOODKRAGOPWEKKERS DRAF NOU FLUKS

Kraaiboschdam-rouwaterpompstasie in Gansbaai

Mosselrivier-rioleringspompstasie in Hermanus

Die afgelope paar maande het *Bulletin* sy lesers gereeld ingelig oor die vordering wat gemaak is met die installering en inbedryfstelling van noodkragopwekkers by nege van Munisipaliteit Overstrand se waterverspreidings- en afvalwaterbehandelingsaanlegte.

Die aankoop van hierdie kragopwekkers is deels te danke aan kapitaal wat via die Wes-Kaapse Regering se reserwefonds vir onvoorsiene en onvoorkombare gebeure beskikbaar gestel is.

'n Ruim bydrae van R6,7 m ten spyt, moes Munisipaliteit Overstrand noodwendig 'n verdere R4,7 m vanuit sy eie fondse toewys om te verseker dat hierdie allerbelangrike fasiliteite teen langdurige kragonderbrekings beveilig word.

Ons kan nou bevestig dat nadat hulle aan 'n hele reeks toetse onderwerp is, sewe van hierdie noodkragopwekkers ten volle operasioneel is.

Die uitsonderings is die kragopwekkers wat by die Mosselrivier-rioleringspompstasie in Hermanus geïnstalleer is en dié een wat moet help om rou water vanuit die Palmietrivier na die verwerkingsaanleg in Kleinmond te pomp.

"Om die wisseling tussen Eskomkrag en dié van alternatiewe bronne te akkommodeer, verg addisionele toerusting. Om daardie toerusting te verkry, moes ons 'n ander verkrygingsproses van nuuts af van stapel stuur. Daardie proses is reeds in 'n gevorderde stadium, en ons hoop dat dit binnekort afgehandel sal wees," het Burgemeester Rabie gesê.

"Natuurlik is ons uiters dankbaar vir die provinsiale regering se ruimskootse bydrae, maar moet waarsku dat die installering en inbedryfstelling van die noodkragopwekkers 'n taamlike hap uit ons voorsiene begroting vir kapitaalwerke geneem het.

"Hou ook in gedagte dat om hierdie bykomende dieselkragopwekkers te bedryf waarskynlik onvoorsiene druk op die munisipaliteit se bedryfsbegroting gaan plaas. Hoe erg daardie druk gaan wees, kan niemand voorspel nie. Dit hang af van hoe dikwels en op watter vlak Eskom beurtkrag toepas." het sy gewaarsku.

HERMANUS SE VERKEERSAFDELING IS OOP OP SATERDAG 2 & 9 DESEMBER

'N GERIEFLIKE MANIER OM DAAI LASTIGE TAKIES AF TE HANDEL WAT JY OP WEEKSDAE SYSTAP

Baie mense kan nie gedurende die week van die werk verskoon word om gou hul rybewyse, lisensies of permitte te hernieu nie. Of hulle het dalk nie vervoer om op 'n weeksdag van hul werksplek na die verkeersafdeling in Hermanus te reis nie.

Juis om daardie rede is die verkeerskantore in Hermanus nou op sommige Saterdae van 08:30 tot 12:00 oop vir diegene wat:

- hul rybewyse/permitte/voertuigregistrasies wil hernieu
- 'n afspraak wil maak vir 'n rybewys-/leerlingrybewystoets
- reëlings wil tref vir 'n padwaardigheidstoets/hul voertuie wil laat toets
- 'n verkeersboete wil betaal

Die Hermanus-lisensiëring-en-registrasiekantoor/toetsstasie is geleë op die hoek van Kort- en Mosselstraat in Hermanus se nywerheidsgebied.

Ons normale kantoorure is van 08:00 – 15:15, Maandae tot Vrydae, en jy kan ons ook gedurende hierdie ure by 028 313 1044 / 8031 bel indien jy enige navrae het.

MOET JY BLOOT 'N BOETE BETAAL/ VOERTUIGREGISTRASIE HERNIEU?

Oorweeg dit om 'n verkeerskantoor nader aan jou (d.w.s. Kleinmond of Gansbaai) te besoek.

Hulle is oop op weeksdae van 08:00 – 13:00 13:45 – 15:15.